Oude Westhof
Retirement Village • Aftree-oord

**VERSLAG VAN DIE TRUSTEES VAN DIE SAKE VAN DIE OUDE WESTHOF OORD BESTUURSVERENIGING ("die Bestuursvereniging") VIR DIE PERIODE 1 MAART 2024 TOT 28 FEBRUARIE 2025**

---

## INLEIDING

Hierdie verslag word ingevolge Klousule 28(5) van die Grondwet aan lede vir oorweging voorgelê.

Die werksaamhede, pligte en bevoegdhede van die Bestuursvereniging word behoudens die bepalings van die Deeltitelskemasbestuurswet, 2011 (Wet Nr. 8 van 2011), die Grondwet van die Bestuursvereniging en enige beperkinge opgelê of opdragte gegee by 'n Algemene Jaarvergadering, uitgeoefen en uitgevoer deur Trustees wat kragtens die Grondwet aangestel is.

## RAAD VAN TRUSTEES

Die volgende persone het gedurende die verslagperiode as Trustees gedien:

| NAME | WYSIGINGS |
|---|---|
| Mnr WF van der Merwe | Voorsitter |
| Mnr F Vleggaar | Onder-Voorsitter |
| Mnr DL Ball | |
| Me C Eksteen | |
| Mnr C Heyns | |
| Mnr HW Hurter | |
| Mnr NC Müller | |
| Me E Myburg | |
| Mnr JJ Rousseau | |
| Mnr GPJ Strydom | |
| Mnr BK Wehrle | |

## SUBKOMITEES

Die Grondwet magtig die Raad van Trustees om ingevolge Klousule 17(2)(c) van die Grondwet subkomitees te vorm vir die oorweging van spesifieke aangeleenthede met die voorbehoud dat sodanige subkomitees nie die bevoegdheid sal hê om die Bestuursvereniging in reg te bind nie, of om besluite te neem nie, maar in elke geval moet aanbevelings verwys word na die Raad van Trustees, by elke daaropvolgende Raadsvergadering.

Die Raad funksioneer tans met vyf (5) Subkomitees, te wete:

- Finansiële Komitee onder voorsitterskap van mnr Frits Vleggaar

- Raad van Direkteure onder voorsitterskap van mnr Hennie Hurter
- Onderhoud-, Tuin- en Sekuriteitskomitee onder voorsitterskap van mnr Gert Strydom
- Spysenieringskomitee onder voorsitterskap van me Dina Vleggaar
- Sosiale Komitee onder voorsitterskap van me Dina Vleggaar

Die subkomitees is saamgestel uit lede van die Raad van Trustees, wat aangevul word deur inwoners wat bereid is om diens aan die Oord te lewer.

Die lede wat gedurende die verslagperiode op die subkomitees gedien het, is soos volg:

* Die Voorsitter van die Raad van Trustees en die Bestuurder dien *ex officio* op alle subkomitees

1. **FINANSIES**

   Frits Vleggaar: Voorsitter
   Chris Heyns
   Hennie Hurter
   Nick Müller
   Estelle Myburg
   Ferdie van der Merwe
   Bruno Wehrle
   Gerhard van der Merwe - Bestuurder

2. **DIREKSIE VAN OWOBV (Pty)Ltd**

   Hennie Hurter
   Chris Heyns
   Ferdie van der Merwe
   Frits Vleggaar
   Bruno Wehrle
   Gerhard van der Merwe - Bestuurder

3. **ONDERHOUD-, TUIN- EN SEKURITEITSKOMITEE**

   Gert Strydom: Voorsitter
   David Ball
   Elza Beekman
   Allan Birkett – Nutsvoorman
   Corneil Eksteen
   Donovan Hewitt - Tuinvoorman
   Chris Heyns
   Hennie Hurter
   Ina Hurter (Oorlede op 6 Desember 2024)
   Jannie Rousseau
   Gerhard van der Merwe - Bestuurder

4. **SPYSENIERING**

   Dina Vleggaar: Voorsitter
   Laetitia Adonis – Senior Eetkamerpersoneel

Carmelita Albertyn – WPC (Bedank Januarie 2024)
Lorette Brink – WPC
Vanessa Edwards-Stoman: Kombuisbestuurder
Chris Heyns
Ina Prevedello - Verpleegbestuurder
Gerhard van der Merwe – Bestuurder

**5. SOSIAAL**

Dina Vleggaar: Voorsitter
Henriette Bruwer
Yvonne Burrow
Marita de Wet
Hanna Janse van Vuuren
Frances Loubser
Amanda van der Merwe
Louise van der Merwe
Mabel Venter
Alida Pretorius (Verlaat die Komitee in November 2024 weens siekte)

Aan voormelde subkomiteelede 'n woord van waardering vir die waardevolle insette wat elkeen gelewer het om die bestuur van die Oord te vergemaklik. Dit is reeds 'n instelling dat die subkomitees maandeliks vergader, gewoonlik in die week wat die maandelikse Trusteevergaderings voorafgaan. Die notules van die subkomitees word by die Trusteevergaderings ter tafel gelê en voorstelle of aanbevelings word gedebatteer en besluite geneem.

'n Spesiale woord van dank en waardering word oorgedra aan die volgende persone wat die subkomitees in hul take bygestaan het:

- Carmelita Albertyn (bedank Januarie 2024), Lorette Brink en Vanessa Edwards-Stoman van die diensverskaffer WPC.
- Thando Makapela, die spanleier van Imvula Sekuriteit.
- Me Ena Botha, me Vena Crisswell, me Estelle Myburg en me Anni Tregoning vir dienste in die biblioteek gelewer.
- Me Elza Beekman vir dienste in die tuine gelewer.
- Me Yvonne Burrow (Hoofkroegdame vanaf Januarie 2025), David en Marthie Ball, Sue Bayly, André Behr, Beryl Bell, Hannie de Vries, Valerie Koen, Gerry en Sally Pypers, Marianne Rabie, Peter en Bedia Rieger, Retha van den Berg en Maggie Venter vir dienste in die Klubhuis en kroeg gelewer. Mnr Jannie Rousseau as kroegman vanaf 2020 tot Desember 2024.
- Dr Malcolm de Roubaix vir dienste rakende kultuur- en musiekgeleenthede gelewer.

Voormelde vergaderings is onontbeerlik vir die behoorlike bestuur van die Bestuursvereniging.

## FINANSIES

**Resultate vir die jaar tot 29 Februarie 2024.**

Bevredigende resultate word gerapporteer:

1 Bedryfsinkomste: Totale bedryfsinkomste het R12 150 718 beloop, effens beter as die begrote R12 085 013.

2 Bedryfsuitgawe: Totale uitgawes het R16 042 728 beloop, byna R1 miljoen of 6.2%% onder die begroting van R17 036 373.

Die hoof-areas van onderspandering was instandhouding (R537 K) en salarisse R(438 K). Alhoewel daar nog steeds enkele areas van oorspandering was, was dit egter beperk bv. sekuriteit (21 K), versekering (R39 K), spesiale projekte (R115 K).

3 Bedryfstekort: Die bedryfstekort was R3 892 010 voor ander inkomste. Daar moet kennis geneem word dat dit ook R1 miljoen beter is as die begrote bedrag.

4 Ander inkomste en Belasting: Ander inkomste bestaande uit uittreeheffings (R3 211 250), intreeheffings (R185 000), ander inkomste (R9 000), rente ontvang (R1 410 086) en belasting (R354 332) het R4 461 004 bedra.

5 Netto Surplus: Na belasting het die netto surplus R568 994 bedra.

6 Administratiewe Fonds: Hierdie fonds bestaan uit die balans van alle inkomste, minus uitgawes en die balans op jaareinde het R10 467 990 bedra.

7 Reserwefonds: Hierdie fonds mag gebruik word vir buitengewone (groot) onderhoudsuitgawes en mag, soos benodig, uit die Administratiewe Fonds aangevul word,. Die fonds se balans staan op R6 472 424, wat binne die voorgeskrewe perke is.

8 Aanwending van Fondse: Die Administratiewe Fonds surplus, plus die Reserwefonds op jaareinde, word vir die Sorgsentrumlening van R1 654 922 aangewend, terwyl die balans in rentedraende rekeningdeposito's van ongeveer R16 miljoen gehou word.

9 Uittreksel uit die Gekonsolideerde Resultate (Verwys na Aanhangsel 'A'):

| | |
|---|---|
| • Totale Inkomste | R20 350 718 |
| • Totale Uitgawes | R26 014 972 |
| • Tekort | R(5 664 254) |
| • Ander inkomste en Belasting | R5 544 656 |
| • Netto Tekort / Surplus | R(119 598) |
| • Totale Bates | R44 871 129 |

## EIENDOM EN INSTANDHOUDING

Onderhoudswerk word deur die nutsmanne, onder leiding van mnr Allan Birkett, gedoen.

- **Gebarste Pype:** Verskeie gebarste pype, munisipaal, sowel as besproeiing, het gedurende die verslagtydperk aandag geverg en is herstel.

- **Verfwerk in die Oord:** Goeie vordering is gemaak met die verfwerk in die Oord en veral die woonstelle en die Hulpsorgwoonstelle het gedurende die verslagperiode aandag geniet. Verskeie eenhede is, vir die eienaars se rekening, aan die binnekant geverf.
- **Vervanging van dakplate:** Daar word stelselmatig voortgegaan met die vervanging van deurgeroeste platdakplate met Cliploc-plate, ten spyte van die skaarste daarvan, wat hierdie proses vertraag. Tydens dakvervangings word ook aandag geskenk aan isolering en foutiewe waterpype. Daar word ook beplan om dakplate skoon te maak en met 'n roeswerende verf te verf.
- **Plaveiselwerk** is by verskeie eenhede gedoen en veral die gemeenskaplike area voor sekere Hulpsorgwoonstelle.
- **Besproeiing:** Herstelwerk is aan verskeie pompe wat onklaar geraak het, gedoen of pompe is vervang. Pompe en filters by die tenkaanleg, sowel as by die besproeiingsaanleg, word gereeld skoongemaak of vervang, indien nodig.

## TUINE

Tuine word deur die tuinspan, onder leiding van Donovan Hewitt, onderhou.

- **Tuinwerk en grassny:** Gedurende die verslagperiode is die roetine van een week tuinwerk en een week grassny, voortgesit. Nuwe areas is aan tuinpersoneel toegeken en dit het goeie resultate opgelewer.
- **Damme en strome** word op 'n gereelde basis skoon- en netjies gemaak.
- **Die grensheining** van 'n meter buite-om die Oord is gesnoei, skoongemaak en met plantgif bespuit. Die proses waartydens besproeiingspunte buite-om die grensheining geplaas word en aangeskakel kan word indien 'n brand sou uitbreek, is afgehandel.
- **Gif** word bespuit op areas waar nodig, soos plavleisel, grasperke en sypaadjies.
  - **Die Klubhuis** vertoon binne en buite goed en plante word aangekoop, soos benodig. Die tuin by die ingang word goed versorg en die Hulpsorgwoonstelle se tuine is ook netjies.
  - **Heinings, bome en struike** word deurlopend gesnoei. Loffels word deurlopend versorg en skoongemaak en, waar nodig, met grondbedekking wat min arbeid vereis, herbeplant.

## SEKURITEIT

Geen ernstige sekuriteitsinsidente is tydens die verslagperiode in die Oord ondervind nie. Die sekuriteitspersoneel is professioneel in hul optrede, is vriendelik en hulle voer hul pligte bekwaam uit. Ons samewerking met die sekuriteitsdiens ADT, wat die Van Riebeeckshofarea bedien, is op `n gesonde grondslag.

**Die sekuriteitskameras** rondom die Oord werk uitstekend en word gereeld nagegaan om optimale verrigting te verseker. 'n Nuwe diensverskaffer vir die monitering van die kameras is aangewys en lewer goeie diens. Sekuriteit van die Oord is van uiterste belang en sal nooit afgeskeep word nie.

## SPYSENIERING

Die afgelope jaar, 2024/2025, het deurgaans goed verloop betreffende die spyseniering deur WPC. Enige probleme wat opgeduik het, is deur die Komitee gehanteer. Die etes is die afgelope paar maande van 'n hoë gehalte.

Spesiale etes soos Valentynsdag, Kersete, braai vir Trustees en ander sosiale funksies is deur die loop van die jaar gehou met die hulp van ons kantoor-, kombuis- en eetkamerpersoneel.

'n Verjaardagtee is op versoek van een van ons inwoners wat 95 jaar oud geword het, gehou. Dit voel goed om die meer senior inwoners te help met hierdie taak, wat vir sommige nie meer moontlik is om dit self te reël nie.

Die WPC-Kombuisbestuurder, Vanessa Edwards Stoman, en haar span word bedank vir hulle harde werk met die voorbereiding van die maaltye.

Mev Dina Vleggaar, Voorsitter van die Sosiale Komitee, Matrone Prevedello van die Sorgsentrum, die Bestuurder en die Voorsitter van die Raad van Trustees, Mnr Ferdie van der Merwe, woon die maandelikse vergaderings by wanneer moontlik.

Al die rolspelers van die eetsaal, Sorgsentrum en die aflewering van etes, word vir 'n suksesvolle 2024/2025 bedank.

## SOSIAAL

Die afgelope jaar het die Sosiale Komitee weereens 'n suksesvolle jaar gehad met funksies vir ons inwoners. Op 26 April 2024 was daar 'n Bingo-middag en einde Mei was daar die gereelde sop-en-speletjiesaand.

Die Komitee het in Junie besluit om ons eetsaalpersoneel met 'n oggendtee en heerlike eetgoed te bederf en elkeen het 'n Shoprite geskenkbewys ontvang om dank te betuig vir hulle hulp deur die jaar met tafels regskuif ens. vir ons funksies.

Me Hendrien Hartzer het die Komitee genader met 'n versoek om haar 95ste verjaardagfees op 28 Junie vir haar te reël. Dit was vir ons 'n voorreg om dit vir haar te doen.

In September het ons vir die tweede keer 'n funksie vir alle nuwe intrekkers, wat vanaf 2022 tot September 2024 in Oude Westhof kom woon het, gereël om hul te verwelkom . In Oktober is die koms van lente met heerlike eetgoed en tee gevier. Me Elsabé Aldridge, sy noem haarself 'n pretprater, het ons kom vermaak en ons lagspiere geprikkel. Haar leuse is "Lag werk soos hemelse Eno's om die sooibrand van menswees weg te borrel". Die hoogtepunt van die jaar was die Kersete waar 147 gaste ontvang is. Dit was 'n besonderse aand vir almal wat dit bygewoon het.

In die begin van 2025 het ons die jaarlikse Valenstynsete in samewerking met WPC, wat die etes vir ons voorberei het, aangebied. Ons kon ook hierdie afgelope boekjaar 49 inwoners neem na The Postcard Café, 'n wynlandgoed buite Stellenbosch. Daar is hulle bederf met heerlike botterbroodjies met kaas, konfyt en room . Almal het dit terdeë geniet.

Daar was 'n aantal roudienste waartydens die Komitee die tee en koffie bedien het.

Ons wil graag ons dank uitspreek aan die kombuis- en eetkamerpersoneel, asook die kantoorpersoneel wat altyd bereid is om te help met druk van uitnodigings, om die gastelys op datum te hou en betalings te hanteer. Laastens wil ons die Raad van Trustees bedank vir die fondse wat ons ontvang het, sodat ons die uitstappie na Postcard Café kon onderneem en ekstra moeite met die Kersete kon doen.

**Kommunikasie met lede**

Kommunikasie met lede vind op deurlopende basis plaas by wyse van inligtingsvergaderings, rondskrywes, maandelikse Gazette en groep-sms-boodskappe.

**Personeel**

Gedurende die verslagperiode het die Bestuurder en personeel weereens 'n waardevolle diens aan die inwoners gelewer. Die Raad van Trustees wil graag langs hierdie weg sy dank en waardering aan die personeel oordra vir die nougesetheid en gewilligheid waarmee die dienste gelewer is.

**W F VAN DER MERWE**
**VOORSITTER**
**RAAD VAN TRUSTEES**
**10 JUNIE 2025**

**F VLEGGAAR**
**ONDER-VOORSITTER**
**RAAD VAN TRUSTEES**
**10 JUNIE 2025**